

A TOT Z – BELEID

VIR PREDIKANTEVERSORGING

1. INLEIDING: DIE A TOT Z VIR BEDIENINGSVREUGDE

Die NG Kerk het nie net 'n behoefte het aan goeie predikante wat deur die Here geroep is nie, maar wil hierdie predikante ook lewenslank wil ondersteun om met vreugde en vaardigheid gemeentes te begelei en toe te rus vir hulle roeping.

Die wegspringplek en einddoel vir die versorging en begeleiding van predikante in die NG Kerk is “Bedieningsvreugde”. Die ideaal van die Bedieningsvreugde model is dat elke dominee 'n **vreugdevolle** (met geloofs-, roepings- bedieningsvreugde), **diensgeskikte** (met volgehoue bedieningsvaardigheid en voortgesette bedieningsontwikkeling) **medereisiger** (met selfsorg vir eie welsyn, maar ook met omgee vir die welsyn van kollegas, en ingeskakel by 'n gemeente, ring en sinode) sal wees.

Met die aanvaarding van die **A tot Z-Beleid aangaande predikante van die NG Kerk** is hierdie sirkel van predikantebegeleiding voltooi. Vanaf die roeping (A) van die predikant tot by emeritaat (Z) word alles nou ingebed in die proses van bedieningsvreugde. Die rol van die onderskeie partye (van plaaslike gemeente tot Algemene Sinode) word duidelik uitgespel, terwyl die kerk se rol in die aanvanklike opleiding en voortgesette bedieningsontwikkeling (VBO) van predikante ook omskryf word.

Die **A tot Z-Beleid** wil dus veral bydra daartoe dat predikante nie net goed opgelei en toegerus is nie, maar ook gereed is vir die uitdagings van vandag. Hierdie beleid wil die kerk, en ook predikante, help om as medereisigers in Jesus Christus, hande te vat sodat ons saam met mekaar, en met vreugde, op reis na die toekoms kan wees.

2. UITKOMSTE VAN DIE A tot Z-BELEID SE IMPLEMENTERING

Die volgende is as medium en langer termyn uitkomst en voordele vir die A tot Z-Beleid voorsien:

- 1.1 Die beleid kan roepingsherstel dien.
- 1.2 Dit kan lei tot meer effektiewe bediening.
- 1.3 Dit kan bedieningsvreugde dien en onderhou.
- 1.4 Dit kan teologiese refleksie herstel en bevorder
- 1.5 Dit kan die gehalte van dominees net nog meer verbeter en dien
- 1.6 Dit kan korporatiewe eienaarskap vir die bediening deur die predikante korps bevorder
- 1.7 Dit kan onderlinge ondersteuning bevorder
- 1.8 Dit kan die verdieping en verbreding van teologiese denke in die NG kerk bevorder
- 1.9 Dit kan dinamiese, gemeenskapsgerigte gemeentes vorm en bemagtig
- 1.10 Dit kan gemeentes blootstel aan mense in teologiese opleiding

3. STRATEGIE VIR DIE A tot Z-BELEID SE IMPLEMENTERING

Die Algemene Sinode het van die begin die uitgangspunt gehad dat erken en bevestig dat die beleid slegs kan slaag wanneer sinodes, ringe en gemeentes eienaarskap vir die inwerkingstelling aanvaar. 'n Proses van oorlegpleging met alle rolspelers was ook noodsaaklik. Uiteindelik is die opdrag gegee aan die Algemene Sinode se ADGO Taakgroep Predikantebegeleiding (ATPB) en Sinodale Taakgroepe vir Predikantebegeleiding om saam met die Sinodale Leiers (moderature en Saakgelastigdes) verantwoordelikheid neem vir die voortgesette uitrol en koördinerings van die inwerkingstelling van die beleid. Na 'n verdere samespreking tussen die A-Z taakgroep,

Bybelmedia die ATPB is besluit om 'n interaktiewe CD voor te berei vir versending aan alle Sinodes vir elke leraar en kerkraad in die NG Kerk. 'n Begeleidende brief en hierdie hardekopie inligting word is saam met die CD aan elkeen gestuur. Op 10 Junie 2008 het die Taakspan Predikantebegeleiding, tydens hulle jaarvergadering en waar al die sinodes verteenwoordig was, amptelik die CD oorhandig aan professor Malan Nel, voorsitter van die aanvanklike A-Z Taakgroep.

4. DEURLOPENDE ROL VAN TAAKSPAN: PREDIKANTEBEGELEIDING VAN DIE ABR

Met die inskakeling van die Taakspan: Predikantebegeleiding by die ABR word die bestuur en implementering van die A to Z-Beleid beter geposisioneer. Die koördinerende funksie van die Taakgroep oor hierdie belangrike aspek van predikantebegeleiding kan nou beter uitgevoer word omdat die kommunikasiekanale aansienlik verbeter is. Die implikasies en uitvoering van die A tot Z-Beleid kan nou weer die aandag kry wat dit behoort te kry. Uit die aard van die saak bly dit die verantwoordelikheid van elke gemeente, en sinode, en predikant self ook.

5. DIE A tot Z-BELEID AANGAANDE PREDIKANTE VANDIE NG KERK

VOORWOORD

Wanneer 'n kerk oor predikante¹ nadink, is twee sake belangrik: aan die een kant is predikante kernbelangrik, maar aan die anderkant gaan dit nie oor hulle nie, want dit gaan oor God, Sy wêreld en Sy gemeente as Sy verkore voertuig na die wêreld.

Die NG Kerk het gekies om holisties oor predikante na te dink en beleid te vorm. In hierdie beleid word gefokus op die *kernbelangrikheid* van predikante binne die groter waarheid van die missionêre verstaan van die kerk waarbinne predikante hulle bediening vervul. Die N G Kerk het uit die aard van die saak al baie oor predikante nagedink en besluite geneem. Belangrike besluite het in die Kerkorde en in reglemente neerslag gevind. Na die beste van die wete van die Taakgroep² wat aan hierdie beleid gewerk het, is daar nog nooit tevore probeer om in hierdie sin holisties te dink en beleid te skryf nie. Hierdie menslike hulpbron van God in sy gemeente is net te belangrik om dit langer uit te stel.


Hierdie beleid is 'n poging om aan die erns van die N G Kerk oor predikante uitdrukking te gee. Daarom handel die beleid oor die belangrike *momente, stasies* in die lewensketting van die predikant soos in hierdie beleid uitgespel.

In die beleid is uiteindelik gekies om die naam 'predikant' te behou. Daar is wye ooreenstemming dat dit nie die mees beskrywende naam vir hierdie bediening is nie. Die naam moet histories verstaan en waardeer word. Hierdie persone doen meer as preek. Die naam wat internasionaal die meeste gebruik word is dié van 'pastor'. Waarskynlik is die mees aanduidende naam vir die tyd en behoeftes van die tyd dié van 'publieke predikant'. Die eis van leierskap hierin is nie nuut nie, maar krities. Die aard van hierdie leierskap word in besonder deur die begrip 'pastor' vertolk. Hierdie leierskap verskil van die van alle gelowiges in die gemeente daarin dat dit 'n bepaalde toegesegde publieke karakter dra. Onder andere in die lig van die feit dat die Kerkorde reeds verskeie name vir hierdie beroepsgroep gebruik, is besluit om voorlopig te volstaan met die naam 'predikant'.

¹ "Predikant" verwys na "leraar, evangeliedienaar, bedienaar van die Woord" en aanverwante benaminge wat in die kerk gebruik word.

² Die Algemene Sinode 2004 het die volgende persone aangewys om op die *A tot Z-Beleid se Taakgroep* te dien: prof M Nel (voorsitter), drr JH Bisschoff, PR du Toit, CJP Niemandt, MDJ Smith, GJ Cloete (gekoöpteer) en ds HJ Kleynhans (skriba).

Die doel van die beleid is om vir die voorsienbare tyd rigting te gee in die nadenke en hantering van hierdie kernbelangrike beroepsgroep.



1 ONS GEREFORMEERDE AMPSBESKOING/ -BEGRIP

- 1.1 Die ampte is bedieningskanale waardeur God sy werk op aarde doen.
- 1.2 Alle dienswerk is deelname aan die werk wat God in Christus deur sy Gees doen. Dienswerk en bediening vertolk die hart van die amp.
- 1.3 Dienswerk bou op 'n teosentriese-missionêre verstaan van die kerk, dat God besig is met sy sending in die wêreld en dat die kerk ingesluit word en deel is van hierdie sending. Die kerk se weselike roeping is om self gestuurde te wees (Johannes 20:21).
- 1.4 Die besondere fokus van die amp van die predikant is die bediening van die Woord (in al sy gestaltes) en sakrament, sowel as die toerusting van die gemeente vir sy dienswerk in die wêreld.
- 1.5 'n Persoon kwalifiseer as predikant wanneer so iemand "2.1.1 die innerlike roeping van die Here ontvang het, 2.1.2 die teologiese opleiding volgens die voorskrifte van die Algemene Sinode deurloop het, en 2.1.3 aan 'n ondersoek ten opsigte van leer en lewe en die geskiktheid vir die bediening onderwerp is..."³.

2 ROEPING

- 2.1 Onder roeping tot predikant word die volgende verstaan:
 - 2.1.1 'n ontmoeting van God met die persoon vir wie Hy tot 'n besondere taak roep. Hierdie ontmoeting van en met God geskied direk deur sy Gees en Woord (onbemiddeld) sowel as deur ander mense;
 - 2.1.2 'n duidelike verstaan van wat die roeping/opdrag inhoud;
 - 2.1.3 'n versekering van die hulp van God in die uitvoering van die opdrag;
 - 2.1.4 'n herhaling of herhalings van die ontmoeting en bevestiging van die roeping/opdrag;
 - 2.1.5 die belangrikheid van die geloofsgemeenskap se rol om die roeping te onderskei en te erken;
 - 2.1.6 'n diep en groeiende oortuiging en bewussyn by die geroepene dat sy/hy aan die geloofsgemeenskap geskenk is en 'n bewussyn van die belangrikheid van die geloofsgemeenskap se gestuurdheid in die wêreld;
 - 2.1.7 'n voortdurende herinnering aan en bewussyn van die verantwoordelikheid van die funksie waarvoor hulle geskenk is. Roeping verplig tot aanspreeklikheid ('accountability');
 - 2.1.8 die kerkverband help die geroepene om sy/haar roeping in die wêreld te onderskei.

³ Kerkorde 2007, Reglement 3

2.2 Onder die onderhouding van roeping word verstaan:

- 2.2.1 die verantwoordelikheid van die geroepene om die nabyheidsverhouding met die Een wat roep en met die geloofsgemeenskap te onderhou;
- 2.2.2 die aktiewe deelname van ander geroepenes, die geloofsgemeenskap en die kerkverband aan die onderhouding van die roeping en die begeleiding van die geroepene;
- 2.2.3 gereelde mentor-gesprekke en begeleiding, onder leiding van die kerkverband en binne die beleid vir mentoraat en predikantebegeleiding, oor die verstaan van roeping, die onderhouding daarvan en roepingsvernuwing.

3 WERWING

- 3.1 God roep mense binne verhoudings.
- 3.2 Die geloofsgemeenskap neem ook inisiatief om mense vir opleiding van predikant te identifiseer en te werf.
- 3.3 Die kerkverband voorsien informasie oor behoeftes en uitdagings in belang van die identifisering en werwing van predikante.

4 AANMELDING EN KEURING

4.1 Rol van die voornemende student

Tot die verantwoordelikheid van die voornemende student behoort:

- 4.1.1 voor aanmelding, aktiewe deelname aan die lewe en werk van 'n gemeente;
- 4.1.2 bespreek die roepingsbewussyn met 'n predikant van die NG Kerk;
- 4.1.3 aanmelding by die kerkraad en kennisgewing van die begeerte om die implikasies van die roeping tot die evangeliebediening te bespreek;
- 4.1.4 verkryging van die nodige inligting oor wat die roeping en die beroep behels;
- 4.1.5 versoek aan die kerkraad om, na goedkeuring, die aansoek by die ring aan te beveel.

4.2 Rol van die gemeente

Die sturende gemeente:

- 4.2.1 neem die aanmelding van die voornemende student in ontvangs (Vorm 1A);
- 4.2.2 bly op hoogte met die profiel van 'n predikant en die beleid van die NG Kerk soos in die **A tot Z-Beleid** verwoord;
- 4.2.3 verkry 'n skriftelike getuienis van die voornemende student se roeping. Hierdie getuienis bevat:
 - 4.2.3.1 'n verduideliking van sy/haar verstaan van sy/haar roeping;
 - 4.2.3.2 'n persoonlike getuienis oor persoonlike geloofsekerheid en persoonlike ervaring van die genade van God;
 - 4.2.3.3 'n verduideliking van die persoon se begeerte om binne die Gereformeerde leer opgelei te word;
 - 4.2.3.4 'n getuienis oor die persoon se persoonlike lewensverhaal, wat insluit sy/haar sorg vir geestelike, fisiese en emosionele gesondheid;
 - 4.2.3.5 'n getuienis oor sy/haar verstaan van die inhoud van 'n predikant se dienswerk, wat insluit bewussyn van gawes en groeieleenthede en ook van die kerk se taak in die wêreld;
- 4.2.4 hou in sy keuring van voornemende studente met die volgende rekening:

- 4.2.4.1 die karakter van die voornemende student;
- 4.2.4.2 die oortuiging van die voornemende student aangaande roeping;
- 4.2.4.3 kompetensie van die voornemende student;
- 4.2.4.4 onderskeiding van roeping tot die bediening in gesprek met die voornemende student;
- 4.2.5 die sturende gemeente meld 'n persoon by wie roeping verwoord is, by die ring aan vir teologiese opleiding;
- 4.2.6 die sturende gemeente bly tydens die student se opleiding sinvol betrokke.
- 4.2.7 die sturende gemeente help die voornemende student met finansiële ondersteuning.
- 4.2.8 indien die gemeente oortuig is dat die betrokke voornemende student nie vir teologiese opleiding met die oog op die bediening aanbeveel kan word nie, is dit hulle verantwoordelikheid om sodanige student dienooreenkomstig in te lig.

4.3 Rol van die ring

Die sturende ring:

- 4.3.1 wys 'n taakgroep aan wat aansoeke om toelating tot teologiese studies met die oog op die evangeliebediening hanteer;
- 4.3.2 tree, na ontvangs van die verslag en aanbeveling van 'n kerksaad (Vorm 1A), met sodanige student in gesprek rakende die volgende:
 - 4.3.2.1 die inhoud van die kerksaadsverslag (Vorm 1A) en alle dokumentasie deur die voornemende student voorsien;
 - 4.3.2.2 voortgaande gesprek oor roepingsonderskeiding en roepingsinhoud;
 - 4.3.2.3 persoons- en roepingsontwikkeling;
 - 4.3.2.4 moontlike gespesialiseerde roepingsbegeleiding en psigologiese evaluering;
 - 4.3.2.5 beroepsgeleenthede en missionêre visie;
 - 4.3.2.6 instemming met die NG Kerk se verstaan van die beroep van die predikant soos in die beleid van die Algemene Sinode uitgedruk;
- 4.3.3 meld goedgekeurde voornemende studente met 'n gemotiveerde verslag en aanbeveling (Vorm 1B) as teologiese kandidate by die betrokke kuratorium aan;
- 4.3.4 sien toe dat die voornemende student 'n onderneming (Vorm 1C) onderteken om hom/haar neer te lê by die toesighoudingsproses tydens, en voorwaardes vir opleiding sowel as die vereistes vir die behoud van bedieningsbevoegdheid, soos deur die kerkverband daargestel.

4.4 Rol van die kuratorium

Die kuratorium:

- 4.4.1 neem op aanbeveling van 'n ring 'n voornemende teologiese kandidaat amptelik in ontvangs. (In die infasering van die nuwe beleid tree die kuratorium op na aanleiding van die riglyne in die ooreenstemmende hoofstuk van die **A tot Z-Beleidsagtergrond**.)
- 4.4.2 reël aan die begin van die akademiese jaar 'n geleentheid waar sturende gemeentes en ringe die voornemende teologiese kandidate simbolies aan die kuratorium oorhandig
- 4.4.3 neem verantwoordelikheid vir die volgende:
 - 4.4.3.1 die beoordeling van die verslag van die ring
 - 4.4.3.2 die aanvanklike psigologiese evaluering voor die aanvang van die teologiese studies (indien die

ring dit nie gedoen het nie). Hierdie en toekomstige psigologiese evaluering van die kandidaat gee aandag aan sake soos:

- 4.4.3.2.1 persoonlikheid
- 4.4.3.2.2 emosionele- en spirituele intelligensie
- 4.4.3.2.3 verstandelike vermoë
- 4.4.3.2.4 kennis
- 4.4.3.2.5 insig
- 4.4.3.2.6 vaardigheid
- 4.4.3.2.7 houding (“attitude”)
- 4.4.3.3 onderneem verdere psigologiese evaluering, waarvan een in die voorlaaste studiejaar plaasvind. Die resultate van elke evaluering word tydens ’n sessie tussen die betrokke sielkundige en ’n lid van die begeleidingskommissie van die betrokke kuratorium met die kandidaat bespreek.
- 4.4.3.4 verkry instemming met die NG Kerk se verstaan van die beroep van die predikant soos in die beleid van die Algemene Sinode uitgedruk.
- 4.4.3.5 evalueer klasbywoning en –meelewing
- 4.4.3.6 neem in oorleg met die ring, waar die kandidaat tydens studie vestig, se taakgroep vir begeleiding, verantwoordelikheid vir die begeleiding van die teologiese kandidaat tydens teologiese opleiding
- 4.4.3.7 verkry verslae van die kandidaat se gemeentelike inskakeling en meelewing tydens teologiese opleiding
- 4.4.3.8 voorsien jaarliks teen die einde van Maart die elke kandidaat se besonderhede aan die Algemene Kuratorium.
- 4.4.3.9 voorsien aan die einde van die eerste graadkursus ’n volledige verslag aan die student sowel as aan die betrokke gemeente(s) (tuisgemeente en die gemeente waarby ingeskakel word tydens studie) asook aan die betrokke ring(e).
- 4.4.3.10 die finale keuring en kerklike eksaminering vind voor legitimering plaas. Legitimering vind plaas nadat ook aan alle akademiese vereistes voldoen is.
- 4.4.3.11 die aanbeveling van suksesvolle kandidate by die Algemene Kuratorium vir legitimering.

4.5 Rol van Algemene Kuratorium (Algemene Sinode)

Die Algemene Kuratorium:

- 4.5.1 ken by ontvangs van die name van die kandidate ’n studentenommer (aangedui deur ’n S aan die begin - vir student) aan die betrokke toe. (Hierdie S-nommer bly van krag totdat die persoon georden word waarna die predikant ’n P-nommer ontvang as aanduiding van predikant);
- 4.5.2 koördineer die werksaamhede van die onderskeie kuratoria;
- 4.5.3 tree namens die Algemene Sinode in gesprek met teologiese fakulteite rakende teologiese opleiding in belang van die bediening;
- 4.5.4 werk mee aan kurrikulering en eksaminering;
- 4.5.5 stel ’n gedragskode vir studente op;
- 4.5.6 legitimeer die suksesvolle kandidate.
- 4.5.7

5 TEOLOGIESE OPLEIDING EN BEGELEIDING

5.1 Algemeen

- 5.1.1 Die NG Kerk vereis opleiding in belang van effektiewe bediening deur die kerk in die wêreld.
- 5.1.2 Hierdie opleiding geskied in die gereformeerde tradisie.
- 5.1.3 Hierdie opleiding geskied aan universiteite soos deur die Algemene Sinode besluit.
- 5.1.4 Die inhoud van opleiding word deur die Algemene Sinode per reglement bepaal.
- 5.1.5 Deurlopende praktykvorming is ononderhandelbaar en sluit 'n praktiese gemeentejaar in.
- 5.1.6 Spiritualiteitsvorming en persoonsontwikkeling is, tesame met akademiese ontwikkeling, wesenlik deel van teologiese opleiding in belang van reflektiewe denke in die bediening.
- 5.1.7 Noodsaaklike opleidingskomponente wat nie tydens die voor-legitimeringsfase genoegsaam aandag kon kry nie, word opgeneem in die Voortgesette Bedienings en teologiese opleidingsprogramme.

5.2 Rol van die teologiese kandidaat

- 5.2.1 Die teologiese kandidaat onderneem om hom/haar neer te lê by die toesighoudingsproses tydens, en voorwaardes vir opleiding, sowel as die vereistes vir die verkryging en behoud van bedieningsbevoegdheid, asook die gedragskode vir studente, soos deur die kerkverband daargestel.
- 5.2.2 Die teologiese kandidaat verkry jaarliks vanaf die gemeente waar hy/sy lidmaat is 'n verslag, soos deur die kuratorium aangevra.

5.3 Rol van die gemeente

Die gemeente waar die teologiese kandidaat tydens opleiding lidmaat is, is verantwoordelik vir die pastorale versorging van en die opsig en toesig oor die leer en lewe van die student met verslag aan die kuratorium.

5.4 Rol van die ring

Die ring waar die teologiese kandidaat tydens studie vestig, aanvaar medeverantwoordelikheid vir die begeleiding van hierdie kandidaat soos deur die kuratorium gereël.

5.5 Rol van die sinode/kuratorium

- 5.5.1 Die sinode oefen sy verantwoordelikheid ten opsigte van teologiese opleiding uit deur die kuratorium. *“Elke kuratorium dra finale verantwoordelikheid vir die keuring, begeleiding, toesighouding oor, eksaminering en aanbeveling vir toelating tot die evangeliebediening van alle teologiese studente wat by hom ingeskryf is en wat in die bediening van die NG Kerk wil gaan. Hy kan hierdie verantwoordelikheid deur 'n subkommissie(s) behartig.”*⁴
- 5.5.2 Die kuratoria verbind hulle tot 'n geïntegreerde begeleidingsproses waarin gemeentes, ringe en kuratoria 'n eie bydrae lewer in die jaarlikse keuringsproses.
- 5.5.3 In die keuring- en begeleidingsproses speel twee sleutelbegrippe 'n deurslaggewende rol, naamlik bedieningsgeskiktheid en bedieningsgereedheid:
 - 5.5.3.1 **Bedieningsgeskiktheid** het betrekking op die vraag of die betrokke kandidaat oor die nodige persoons- en persoonlikheidstoerusting beskik om opgelei te word met die oog op die bediening, of nie.

⁴ Kerkorde 2007, Reglement 12 (2.2.2.2.1)

5.5.3.2 Bedieningsgereedheid beteken dat die kandidaat nie net oor die potensiaal beskik nie maar ook deur opleiding en groei vir toelating tot die bediening gereed is.

5.5.4 Die kuratorium hou toesig en oefen dissipline uit oor die student se nakoming van die gedragskode.

5.6 Rol van die Algemene Sinode

5.6.1 Die Algemene Sinode bepaal die beleid vir teologiese opleiding en verleen deur die Algemene Kuratorium goedkeuring tot ordening.

5.6.2 Die Algemene Kuratorium besluit oor aanvullende kerklike opleiding in die lig van die kerk se bedieningsbehoefte en eietydse roepingsverstaan.

6 LEGITIMASIE, BEROEPING EN ORDENING

6.1 Legitimasie

Legitimasie is die afsluiting van die proses van opleiding. Met legitimasië word die teologiese kandidaat as proponent beskikbaar gestel vir beroeping in die kerk.

6.1.1 Rol van die gemeente

Getuënis oor geskiktheid vir legitimasië: Aangesien die opleiding voorsiening maak dat die student die laaste studiejaar 'n gemeentejaar doen, is dit die mees onlangse gemeente waarvandaan 'n getuënis ingewin kan word.

Dit behels 'n verklaring van die kerkraad waar die kandidaat sy/haar gemeentejaar doen aangaande kerklike meelewing, die suiwerheid van sy/haar leer, getrouheid, voorbeeldigheid van lewenswandel en die onbesprokenheid van gedrag.

6.1.2 Rol van die ring

6.1.2.1 Finale evaluering

Die uitkoms van die begeleidingsproses is 'n finale verslag wat die begeleidingskommissie in gesprek met die teologiese student opstel. Die verslag gee aandag aan:

- (1) Die student se roeping
- (2) 'n Persoonlike getuënis oor geloofsekerheid en die ervaring van die genade van God
- (3) Die student se oortuiging oor wat dit beteken om teologiese opleiding in die Gereformeerde leer te ontvang
- (4) Die student se getuënis oor sy/haar lewensverhaal, wat insluit sy/haar sorg vir geestelike, fisiese en emosionele gesondheid.
- (5) Die student se getuënis oor sy/haar verstaan van die inhoud van 'n predikant se dienswerk, wat insluit sy/haar bewussyn van sy/haar gawes en groeigeleenthede. Die finale verslag word deur die Kuratorium ontvang met die oog op toestemming tot legitimasië.

6.1.2.2 Verslag aan kuratorium

Daar word aanbeveel dat die ring 'n verklaring oor die geskiktheid vir legitimasië uitreik na luid van die volgende:

“'n Verklaring van die ring binne wie se ressort die kandidaat sy/haar gemeentejaar doen aangaande kerklike meelewing, die suiwerheid van sy/haar leer, getrouheid, voorbeeldigheid van lewenswandel en die onbesprokenheid van gedrag”.

6.1.3 Rol van die Sinodale verband – Kuratorium

Die betrokke kuratorium doen die finale aanbeveling aan die ATR rakende legitimasie. Dit geskied op aanbeveling van 'n positiewe verslag oor elke kandidaat deur die betrokke Proponentskommissie.

6.1.4 Rol van die Algemene Sinodale verband

Na Legitimasië aanvaar die Algemene Sinodale verband die verantwoordelikheid vir die volgende:

6.1.4.1 alle inligting rakende 'n gelegitimeerde van die NG kerk word in 'n sentrale kantoor geberg vanaf die oomblik van legitimasië deur die ATR;

6.1.4.2 die sentrale kantoor se advies word verkry vir elke beroep wat uitgebring word alvorens die Ring dit kan goedkeur;

6.1.4.3 sodra 'n proponent 'n beroep na 'n gemeente of ander kerklike werkring ontvang, vind daar 'n gesprek plaas tussen die ring en die beroepene nadat die approbasie tydperk verstryk het en voordat die ordening plaasvind;

6.1.4.4 dat in alle gevalle van verandering van die beroepene se bevoegdheid (predikant, termyn gekoppelde leraar, tentmaker) daar onmiddellik aan hierdie kantoor kennis daarvan gegee word;

6.1.4.5 die sentrale kantoor is die plek waar elke predikant se huweliksbevestigingsstatus gehou en gekontroleer word.

6.2 Beroeping en ordening

Beroeping en bevestiging (ook ordening) geskied volgens die bepalings van die kerkorde.

7 VERKRYGING, BEHOUD, VERLIES EN HERSTEL VAN BEVOEGDHEID

7.1 Verkryging van bevoegdheid

Bevoegdheid as predikant word deur die Algemene Sinode verleen.

7.2 Behoud van bevoegdheid

7.2.1 Vir die behoud van bevoegdheid registreer alle predikante jaarliks by die kantoor van die Algemene Sinode.

7.2.2 Alle predikante, met uitsluiting van emeriti, dien saam met die registrasie die volgende in:

7.2.2.1 'n bewys van voortgesette teologiese en ander geakkrediteerde opleiding (akademiese en professionele krediete);

7.2.2.2 'n bewys van deelname aan die mentorprogram van die NG Kerk;

7.2.3 Predikante wat nie in 'n gemeente of in diens van die kerkverband bevestig is nie, dien jaarliks 'n aanbeveling deur die plaaslike ring oor die behoud van bevoegdheid in.

7.3 Verlies van bevoegdheid

7.3.1 Predikante verloor bevoegdheid op een van die volgende wyses:

7.3.1.1 volgens die *Kerkorde*⁵;

⁵ *Kerkorde* 2007, Artikels 11, 12 en 64

7.3.1.2 wanneer die vereistes vir die behoud van bevoegdheid soos besluit deur die Algemene Sinode nie nagekom word nie.

7.4 Herstel van bevoegdheid

7.4.1 Herstel van bevoegdheid geskied soos deur die Algemene Sinode bepaal:

7.4.1.1 by wyse van verstoë binne die eerste jaar na die verlies van bevoegdheid indien dit vanweë administratiewe nalatigheid plaasgevind het;

7.4.1.2 by wyse van 'n eenvormige *colloquim doctum* soos gereël deur die *Kerkorde* by enige van die teologiese inrigtings.

8 BEHOUD VAN BEDIENINGSVAARDIGHEID

8.1 Algemeen

8.1.1 Voortgesette Bedieningsontwikkeling (VBO)⁶, teologiese en ander toepaslike opleiding is vir die behoud van bevoegdheid en bedieningsvaardigheid verpligtend en afdwingbaar⁷.

8.1.2 Self- en onderlinge sorg is basiese waardes in die behoud van bedieningsvaardigheid.

8.1.3 Lewenslange leer en ontwikkeling is basiese voorwaardes vir lewens- en bedieningsvreugde.

8.2 Rol van die predikant

8.2.1 Die predikant is verantwoordelik vir selfsorg en samewerking met die kerkverband in belang van goeie voortgesette bedieningsontwikkeling en persoonsontwikkeling.

8.2.2 Met **selfsorg** word die hele spektrum van menswees bedoel en word predikante aangemoedig om aan die volgende sake aandag te gee:

8.2.2.1 geestelike welsyn

8.2.2.2 liggaamlike welsyn

8.2.2.3 psigiese welsyn

8.2.2.4 sosiale welsyn

8.2.2.5 materiële welsyn

8.2.3 Van elke leraar word verwag om in 'n mentorverhouding met 'n kollega te staan.

8.2.4 Van predikante aan die begin van hulle bediening word vereis om vir ten minste twee jaar saam te werk met 'n mentor volgens die program van die Algemene Sinode.

8.2.5 **Selfstudie** is deel van die persoonlike selfsorg in die lewe van 'n predikant.

8.3 Rol van die gemeente

Die gemeente:

8.3.1 vereis van die predikant om aan Voortgesette Bedieningsontwikkeling (VBO) en teologiese opleiding deel te neem.

8.3.2 stel die predikant in staat om aan VBO deel te neem deur daarvoor te begroot.

8.3.3 neem verantwoordelikheid om deel te neem aan die emosioneel-geestelike versorging van die predikant. Hiervoor word in elke gemeente 'n plaaslike versorgingskommissie (PVK) aangewys.

8.3.4 moedig die predikant (en veral in die geval van 'n beginnende predikant) aan om by die mentorprogram van die betrokke sinode in te skakel en begroot vir die uitgawes hieraan verbonde.

⁶ Voortgesette Bedienings Ontwikkeling (VBO) sluit ook Voortgesette Teologiese Opleiding in.

⁷ Sien besluite van die Algemene Sinode 2002 – Handeling 2002: 495,496, 580 – 5.1-5.4;

8.3.5 hou saam met die ring toesig oor die leer en lewenswandel van die predikant.

8.4 Rol van die ring

Die ring

8.4.1 tree motiverend, koördinerend en toesighoudend op ten opsigte van Voortgesette Bedieningsontwikkeling (VBO), die mentorprogram en die implikasies daarvan vir bedieningsbevoegdheid en bedieningsvaardigheid.

8.4.2 sorg dat die beleid/voorskrifte van die Algemene Sinode aangaande Voortgesette Bedieningsontwikkeling (VBO) en die mentorprogram uitgevoer word.

8.4.3 hanteer opsig oor die bedieningsbevoegdheid van die predikant volgens die *Kerkorde*.

8.5 Rol van die sinode

Die sinode:

8.5.1 bied logistieke- en ander steun aan Voortgesette Bedieningsontwikkeling (VBO)- en Voortgesette Teologiese Opleidings-instansies en mentorprogramme.

8.5.2 help met die bepaling van behoeftes en die ontwikkeling van materiaal/kursusse binne die Voortgesette Bedieningsontwikkelingprogram (VBO).

8.6 Rol van die Algemene Sinode

Die Algemene Sinode:

8.6.1 bepaal, saam met bestaande Voortgesette Bedienings Ontwikkeling (VBO)- en Voortgesette Teologiese Opleidings-instansies (VTO)-instansies, die inhoud van voortgesette bedieningsontwikkeling;

8.6.2 reël die akkreditering van Voortgesette Bedieningsontwikkeling en voortgesette teologiese opleiding in belang van die behoud van vaardigheid en bevoegdheid;

8.6.3 bepaal die beleid rakende mentorprogramme;

8.6.4 bepaal die aantal krediete (akademies en professioneel) wat predikante moet verwerf

9 DIENSVERHOUDINGE

9.1 Met inagneming van die totale beleid van die Algemene Sinode rakende predikante staan die predikant in diens van 'n bepaalde kerkvergadering en is aan die Here en die betrokke kerkvergadering verantwoording verskuldig⁸.

9.2 Diensverhoudinge tussen werkgewers en predikante word deur 'n diensooreenkoms gereël, in ooreenstemming met die bepalings van die *Kerkorde*⁹.

9.3 Vir die emosioneel-geestelike versorging van die predikant word in elke gemeente 'n plaaslike versorgingskommissie (PVK) aangewys.

⁸ Sien *Kerkorde* 2007, Artikel 12

⁹ Sien *Kerkorde* 2007, Artikel 7, 12 en 58, asook die “*Bestuursgids vir Diensverhoudinge*” van die Algemene Sinode.

10 MOBILITEIT

10.1 Algemeen

10.1.1 Verskuiwing uit 'n bepaalde werkkring en/of verandering van werkkring, wat 'n vakature laat, vind plaas op een van die volgende wyses:

10.1.1.1 beroeping/benoeming;

10.1.1.2 standplaasruiling;

10.1.1.3 bedanking;

10.1.1.4 uitdiensstelling;

10.1.1.5 emeritaat;

10.1.1.6 afsterwe.

10.1.2 By die ontstaan van 'n vakature, wys die kerkverband in oorleg met die gemeente 'n brug-pastor aan om die gemeente vir 'n ooreengekome tydperk te begelei¹⁰.

10.1.3 By die ontstaan van 'n nuwe diensverhouding, neem alle partye deel aan 'n induksie-program soos deur die kerkverband gereël.

10.2 Rol van die predikant

10.2.1 Ter verkryging van 'n werkkring handel predikante volgens die *Kerkorde*.

10.3 Rol van die gemeente

Die gemeente onderneem om:

10.3.1 in die geval van 'n vakature 'n brug-pastor vir 'n ooreengekome tydperk in diens te neem, op voorwaarde dat die brug-pastor nie vir beroeping in aanmerking kom nie;

10.3.2 by die ontvangs van 'n nuwe predikant, deel te neem aan 'n induksie-program soos deur die kerkverband gereël.

10.4 Rol van die ring

Die ring:

10.4.1 hanteer alle kerkordelike reëlings rakende mobiliteit van predikante onder sy opsig;

10.4.2 kontroleer die benoeming van brug-pastors en inskakeling by induksie-programme.

10.5 Rol van die sinode

Die sinode:

10.5.1 tref die nodige reëlings om in die geval van vakatures brug-pastors vir die begeleiding van sodanige gemeentes beskikbaar te stel;

10.5.2 stel die nodige induksie-programme op en voorsien opgeleide fasiliteerders vir sodanige programme.

¹⁰ Die Algemene Sinode tref die nodige reëlings vir die implementering en reglementering van die "brug-pastoraat".

10.6 Rol van die Algemene Sinode

Die Algemene Sinode

- 10.6.1 registreer alle mobiliteit van predikante;
- 10.6.2 ontwikkel 'n register van sinodale brug-pastors;
- 10.6.3 koördineer die ontwikkeling van induksie-programme.

11 EMERITAAT

11.1 Algemeen

- 11.1.1 Emeritaat vind plaas op die ouderdom soos deur die Algemene Sinode bepaal¹¹.
- 11.1.2 Na aftrede behou die predikant bedieningsbevoegdheid.
- 11.1.3 Die gemeente/kerkverband tref tydens die bediening saam met die predikant doelmatige finansiële reëlins vir versorging na aftrede.

11.2 Rol van die predikant

Die predikant:

- 11.2.1 is verantwoordelik om vroeg in die bediening alreeds in oorleg met die werkgewer en ander adviseurs doelmatige finansiële voorsorg vir aftrede te tref;
- 11.2.2 is verantwoordelik om aktief in te skakel by begeleidingsprogramme met die oog op aftrede wanneer die tyd daarvoor aanbreek;

11.3 Rol van die gemeente

Die gemeente:

- 11.3.1 verleen emeritaat op versoek van die predikant en in oorleg met die kerkverband;
- 11.3.2 tree betyds met sy predikant in gesprek oor alle ter sake aangeleenthede met die oog op emeritaat;
- 11.3.3 neem verantwoordelikheid om deel te neem aan die emosioneel-geestelike versorging van die emeriti binne sy grense.

11.4 Rol van die ring

Die ring:

- 11.4.1 verleen goedkeuring tot emeritaat;
- 11.4.2 ondersteun predikante saam met kerkrade in die tydige voorbereiding vir emeritaat;
- 11.4.3 kontroleer die totale versorging¹² van emeriti binne sy grense.

11.5 Rol van die sinode

Die sinode:

¹¹ Verpligte emeritaat vind tans plaas op ouderdom 65 jaar, en moet binne ses maande na ouderdom 65 geneem word.

¹² Sien *Kerkorde* 2007, Artikel 13

- 11.5.1 verseker dat 'n Sinodale Pensioenfonds in belang van emeriti in stand gehou word;
- 11.5.2 gee leiding ten opsigte van die mediese en pastorale versorging van emeriti binne sy grense;
- 11.5.3 hou emeriti op die hoogte van kerklike verwickelinge en werksaamhede.

11.6 Rol van die Algemene Sinode

Die Algemene Sinode:

- 11.6.1 bepaal die aftree-ouderdom;
- 11.6.2 hou die register van emeriti met bevoegdheid in stand;
- 11.6.3 hou 'n *in memoriam* register in stand.